JAARVERSLAG OOR DIE SENDING VAN DIE N.G. KERK IN DIE O.V.S. 1954.

DIE HOOGEERW. SINODALE KOMMISSIE,
BLOEMFONTEIN.

HoogEerw. Heer en Broeders,

Die Sinodale Algemene Sendingkommissie wil andermaal verslag doen aan die HoogEerw. Algemene Sinodale Kommissie van die Sendingwerksaamhede van ons kerk oor die jaar 1954.

Dit verbly ons andermaal om u mee te deel dat ons die finansiële jaar kon afsluit met 'n batige saldo én wat die Buiteland én wat die Binneland betref. Dit is ook waar van die twee groot inrigtings waarvoor die kerk verantwoordelik is, n.l. die Elizabeth Ross Hospitaal in Witzieshoek en die Strydom Opleidingskool te Bloemfontein. Dit is vir ons oorsaak van groot vreugde dat die gemeentes van ons kerk, op enkele uitsonderings na, hulle verpligtinge wat die proratas betref, vanjaar weer getrou nagekom het. Dit stel u Kommissie instaat om volgens 'n goedgekeurde begroting te werk en nie met gedurige tekorte te doen te hê nie.

Die S.A.S.K. wil u en deur u al die gemeentes van ons kerk baie hartlik dank vir die kragtige medewerking en aktiewe steun wat u Kommissie ontvang het in die uitvoering van hulle groot en verantwoordelike werk. Weens besondere omstandighede is ons begroting vanjaar heelwat hoër as die van verlede jaar, maar waar die uitgawes in verband met mediese werk en onderwys aanmerklik gestyg het, daar word die ekstra onkoste grotendeels gedra deur die Regering van Noord-Rhodesië.

A. BUITELANDSE SENDING.

(a) Werkers(sters).
(b) Suid-Rhodesië.
(c) Noordwes-Rhodesië.
(d) Geestelike lewe.
(e) Woningnood.
(f) Opvoeding.
(g) Mediese werk.
(h) Bouwerk.

1. (a) WERKERS EN WERKSTERS:

Gedurende die afgelope twee jaar is ons Sending swaar getref deur die verlies van ervare werkers in Noord-Rhodesië. Eers moes eerw. en mev. Rossouw om die gesondheid van mev. Rossouw die veld verlaat, daarop het gevolg eerw. en mev. J.M. Cronjé wat teruggekom het na die Unie vir verdere studie. Hy is tans aan die Vrye Universiteit te Amsterdam en hy meen om nog in hierdie jaar te promoveer en dan terug te keer na Noord-Rhodesië. In Mei 1954 het ds. en mev. C.R. Kok weens verswakte liggaamskragte die veld verlaat en in Augustus ds. en mev. J.C.C. Pauw, die Voorsitter van die Raad. Op bevel van die dokter moes hy die trope verlaat. Hy het egter 'n beroep ontvang as sendeling in Pretoria en is nou daar werksaam. Sy gesondheidstoestand is ietwat beter, maar dit laat nog veel te wense oor. Mag die Here hom spoedig herstel. Die verlange van sy hart is om terug te keer na die land van sy geboorte (hy is in Noord-Rhodesië gebore) waar hy groot dienste bewys het aan Sy kerk op die Sendingakker. Ook eerw. L.B. v.d. Walt, een van ons knapste en mees ervare sendelinge in die veld, het weens die opvoeding van sy kin-

2/.....

ders na die Unie teruggekeer en is tans in Pretoria waar hy as onderwyser voorts werksaam sal wees. Die verlies van hierdie manne is 'n swaar slag vir die Sending, nie alleen om wat hulle persoonlik was en beteken het nie, maar ook om die rype ervaring wat hulle daar opgedoen het en wat ons voorts moet ontbeer. Die Sendingpersoneel in Noord-Rhodesië bestaan tans meestal uit jong manne, maar hulle werk met groot ywer en toewyding en ons gaan in die Naam van die Here met moed die toekoms in. Gelukkig is daar nog 'n paar van die ou garde wat nog 'n reuse werk verrig. Ook mej. Husselman moes weens verswakte kragte die veld verlaat.

(b) NUWE WERKERS(STERS):

Gedurende die afgelope jaar het die volgende werkers(sters) na Noord-Rhodesië vertrek: Eerw. en mev. J.C. Swanepoel, ds. P. Bolink, mnr. en mev. Bierman, mnr. en mev. J.M. Badenhorst, mejj. C. Jansen en C. Louw, mnr. en mev. J. Olwagen, mnr. en mev. P. Botha, ds. en mev. W.A. Krige (tydelik) terwyl die volgende werkers(sters) vroeg in 1955 of gedurende die loop van die jaar vertrek: Dr. W.A. Krige, mejj. A. Viljoen en S.E. Visser (onderwyseresse), mnr. en mev. N.F. Botha, mnr. en mev. W.J. Strydom, mej. A. Kotzé en mnr. J. Engelbrecht.

Van Suid-Rhodesië is 'n drietal sendelinge op die koperstreek in Noord-Rhodesië geplaas n.l. eerw. S.H.F. Pienaar op Luanshya, eerw. S. van Wyk (Nkana) en eerw. C.U.L. Fick op Mufulira.

(c) SUID-RHODESIË:

Soos reeds aan u gerapporteer is die werk in Suid-Rhodesië finaal aan die Kaapse Kerk oorhandig. Geen enkele van ons sendelinge daar was egter gewillig om die werk voort te sit onder beheer van die Kaapse Kerk nie. Eerw. G.D. Kotzé het 'n beroep na die Vrystaat aangeneem terwyl eerw. S.H.F. Pienaar geplaas is op Luanshya, eerw. S. van Wyk op Kitwe en eerw. C.U.L. Fick op Mufulira. Eerw. Pieters wat deur die Kaapse Kerk gevra is om tot in Februarie op Bulawayo die werk voort te sit, is beroep na Welkom op die goudarea en het die beroep daarheen aangeneem. Aan die manne wat die fort in Suid-Rhodesië gehou het, is die kerk baie dank verskuldig. Die twee Sendingpastorieë wat aan die Vrystaatse Kerk in Suid-Rhodesië behoort, is verkoop en die geld sal gebruik word om pastorieë in Noord-Rhodesië te bou.

(d) NOORDWES-RHODESIË:

Die Sendingwerksaamhede in hierdie area het geweldig uitgebrei. Deur die uitbreiding van die Kopermyne is daar 'n geweldige toevloei van trekarbeid uit Noordoos-Rhodesië, Suid-Rhodesië, Nyasaland en die Belgiese Kongo. Op Kitwe alleen is daar 105,000 naturelle en daar is alle vooruitsigte dat die getalle nog groter sal word. Waar daar vroeër net een sendeling was en twee naturelleleraars op die koperbelt, is daar nou drie sendelinge en twee naturelleleraars en hier sal in die nabye toekoms nog meer werkers geplaas moet word. Ook in Lusaka (hoofstad van Noord-Rhodesië) het die toevloei van naturelle gedurende die afgelope twee jaar geweldig toegeneem en is aanvullende werkkragte nodig.

(e) GEESTELIKE LEWE:

Deur die oorgawe van Suid-Rhodesië aan die Kaapse Kerk, is die Sendingkerk in die Rhodesië aanmerklik verswak. Ons kerk beskik nou oor slegs drie Ringe, 21 gemeentes met 16,000 lidmate

3/.....

en 6363 doopklaslede, waarvan die grootste aantal bekeerlinge uit die heidendom is. Hulle word bearbei deur 12 sendelinge, 'n aantal sendingwerkers(sters), 12 naturelleleraars en 17 evangeliste. Gedurende 1954 is 770 lidmate voorgestel en 1798 in die doopklas aangeneem. Bemoedigend is dat die Christelike huwelik meer en meer tot sy reg kom.

Daar was aan die einde van die jaar 107 Sondagskole waarin 5129 kinders deur 129 onderwysers bearbei word. Daar is seker baie dinge wat tot droefheid stem en dit is meer in besonder waar van die groot aantal gesensureerdes in die verskillende gemeentes. So diep het die Raad dit gevoel dat hulle besluit het om oral konferensies te hou met die oog op 'n dieper geestelike lewe. Mag die Here deur Sy Gees daar 'n kragtige herlewing bewerkstellig.

Daar is egter ook bemoedigende tekens. Oor die algemeen word die dienste baie goed bygewoon en bekeringe uit die heidendom is veel meer reël as uitsondering. In die jaar 1954 is daar 2265 bekeerlinge in die doopklas opgeneem en sommige van hulle was besonder treffend. Selfs 'n aantal Russeliete en Roomskatolieke het hulle dwaling bely en is in die doopklas opgeneem. In sommige van die gemeentes was die vrug op die arbeid baie geseënd. In die gemeente van Merwe was daar 259 bekeerlinge, in Nyanje 234, in ander minder maar oral was daar vrug op die arbeid.

Dit is oorsaak van groot blydskap om te kan rapporteer dat die opperhoof van die Acewa stam tot inkeer gekom het en nou die doopklas bywoon. Sy bekering kan baie ook vir sy volk en die kerk in Noord-Rhodesië beteken. Hierdie Christene uit die heidene het met baie versoekings te kampe. Hulle lewe nog te midde van die heidendom en heidense gewoontes en het ons voorbidding baie nodig. Die vraag dring hom aan ons op of ons genoeg aan hulle in die gebed gedenk.

(f) WONINGNOOD:

Deur die vermeerderde aantal werkers(sters) asook met die oog op die toestand van die ou sendingwonings, sommige waarvan reeds byna 50 jaar in gebruik is, het die woningnood baie akuut geword en ons sal verplig wees om nog gedurende hierdie jaar 'n hele paar nuwe wonings daar te stel. Ons het egter die geld vir die pastorieë in Suid-Rhodesië tot ons beskikking en dit sal ons help om die uitgawes te hou binne die perke wat daar gestel is. Afgesien hiervan sal ons verplig wees om drie of vier skole te bou. Die Regering het aan elke stasie van ons kerk in Noordoos-Rhodesië 'n „Upper School" toegeken. In hierdie geval word die grootste deel van die koste deur hulle gedra. Gelukkig dat ons daarin geslaag het om 'n tweede bouheer te kry wat binnekort vertrek na Noord-Rhodesië.

2. OPVOEDING:

(a) Normaalskool: Ons het reeds aan u gerapporteer dat die voortbestaan van die Normaalskool te Katete in die weegskaal hang. Gelukkig het ons eers vergunning gekry van die betrokke Departement dat ons met Regeringsondersteuning vir twee jaar met die Normaal kan voortgaan en nou het hulle die tydperk verleng. Ons meen om in Julie 70 leerlinge aan die Normaalskool te hê en dit sal vir die Sending ontsettend baie beteken as ons kan voortgaan om die onderwysers self op te lei. Ons het gelukkig daarin geslaag om die nodige personeel te verkry. Ons wens hier met dank en waardering melding te maak van die dienste van ds. W.A. Krige van Bethlehem gedurende die laaste kwartaal van 1954. Ons was sonder 'n manlike leerkrag wat as prinsipaal kon optree in die laaste kwartaal, en die Departement het ons in kennis gestel dat hulle die inrigting heeltemal sou sluit by gebrek aan

4/.....

'n prinsipaal, nieteenstaande die feit dat ons 'n dame tot ons beskikking gehad het wat haar U.O.D. sertifikaat besit. Gelukkig het ds. Krige drie maande verlof van sy kommissie gehad en met hulle toestemming het hy ons ter hulp gesnel en die posisie gered. Ons is baie dank aan hom verskuldig.

In Noord-Rhodesië word al meer en hoër eise gestel in verband met die onderwys en ook daar, net soos hier, skyn die doel te wees, staatsbeheer. Die onderskeid is egter dit, ons het hier met 'n simpatieke Regering te doen en daar is geen verskil in grondbeginsels tussen Staat en Kerk nie. Daar is dit heeltemal anders en dit val reeds soms moeilik om ons beginsel van apartheid te handhaaf.

(b) Voortrekker Gedenkskool: Hierdie skool wat spesiaal daar gestel is in belang van die kinders van die Sendingpersoneel, maar waar ook kinders van ons boere op die omliggende plase toegelaat word, kon sy werksaamhede gedurende die afgelope jaar onafgebroke voortsit. Gedurende die eerste helfte van die jaar het eers mev. (ds.) Uys, toe mej. van Niekerk en toe mev. Badenhorst, eggenote van ons Opvoedkundige Sekretaris as onderwyseres opgetree en vanaf Julie 1954 mev. de Vos, die moeder van die plaaslike predikant. Ons het egter daarin geslaag om weer 'n permanente onderwyseres te kry wat vanaf begin 1955 die werk sal voortsit.

(c) Werk onder blindes en dowes: Die werk onder die blindes hier het reeds baie seën versprei en heerlike vrugte gedra. Aangespoor deur wat op Magwero gedoen word vir die blindes, het die Regering daartoe oorgegaan om in ander dele van die land soortgelyke inrigtings te stig. Aanvanklik moes ons hul voorsien van die nodige opgeleide naturelle personeel maar hulle is nou selfstandig en meer en meer word nou voorsien in die behoeftes van hierdie diep ongelukkige deel van die naturellebevolking in Noord-Rhodesië. Die persentasie van blindes in Noord-Rhodesië is geweldig hoog en is oorgegee aan totale verwaarlosing. Ons het ook begin aandag gee aan die doofstommes van daardie land en ook hier is mej. E. Botes besig om baanbrekerswerk te verrig. 'n Naturelleonderwyser is eers gestuur na 'n soortgelyke inrigting in Suid-Rhodesië en vandaar gaan hy na Roodepoort, Transvaal, om die nodige opleiding te geniet. Hierdie werk geniet die steun van die Regering.

(d) Werk onder Vroue van die land: Ons is onder 'n diepe besef van die noodsaaklikheid en die belangrikheid van hierdie werk, maar deur gebrek aan die nodige werksters kan ons nog nie doen wat ons graag wil en moet doen in belang van die vroue van die land nie. Opmerklik is dat gedurende die laaste paar jaar die grootste persentasie van bekeerlinge vroue is. Nieteenstaande die aantal werksters wat hierdie jaar na die Sendingveld gaan, sal daar nog 'n tekort wees as ons op al die stasies hierdie deel van die werk behoorlik wil doen. Die Regering begin nou ook belang te stel in die opheffing van die vrou van Noord-Rhodesië en aan volwasse onderwys.

(e) Upper Schools te Katete en Magwero: Die N.G. Kerk Sending het tans net twee „Upper Schools" waar leerlinge tot Standerd VI opgelei word, een te Katete en een te Magwero. Met die geslaagdes van Std. VI van die twee skole moet die Normaal gevoed word. Bowendien word die getalle in Standerd VI streng beperk met die gevolg dat die aantal leerlinge in die Normaal baie gering was. Om in hierdie behoefte te voorsien, het ons aansoek gedoen by die Regering om 'n parallelle Std. VI te Katete asook om 'n spesiale Std. VI klas te Katete. Dit is toegestaan. In die spesiale Std. VI het ons al die onderwysers van Std. IV en V wat reeds jare onderwys gegee het maar nou volgens Departementele regulasies „inefficient" is, saamgetrek en daar is alle

5/.....

hoop dat hulle in Julie sal slaag om dan opgeneem te word in die Normaalskool. Soos reeds vermeld, meen ons om langs hierdie weg die getalle aan die Normaal in Julie te verhoog tot 70 wat almal met Regeringstoelae opgelei word. In die toekoms sal die "Upper Schools" wat nou ook aan die ander stasies toegeken word, voorsiening maak in die behoeftes van die Normaal.

Ons kan die noodsaaklikheid van 'n eie Normaalskool nie genoegsaam beklemtoon nie. Om van onderwysers gebruik te maak wat deur ander genootskappe, wat met ons verskil in grondbeginsels, opgelei is, is eenvoudig om ons Sendingwerk skade te berokken.

(f) Opvoedkundige Sekretaris: As Opvoedkundige Sekretaris is in 1954 aangestel mnr. J.M. Badenhorst. Nadat hy jarelank gestaan het as prinsipaal aan 'n hoërskool in die Unie, het hy besluit om sy kragte en talente te gaan wy aan die Sending in Noord-Rhodesië. Hy het hom verbasend gou ingewerk in die omstandighede en wette van die land en hy beteken vir ons juis op hierdie tydstip ontsettend veel. Hy het reeds invloed verwerf by die Departement en hy is wakker en knap. Hy word bygestaan deur mnr. A. Miles wat reeds jare lank in die Sendingveld is en wat ontwikkel het tot een van die mees veelsydige werkers in Noord-Rhodesië. Daar is haas geen terrein waarop mnr. Miles nog nie ondervinding opgedoen het nie. In afwesigheid van die Voorsitter van die Raad wat tans in die Unie met rustyd is, neem mnr. Miles waar as Voorsitter. Sy medewerkers het daardeur hulle vertroue in hom getoon en hierdie vertroue geniet hy ook van die kant van die S.A.S.K.

3. MEDIESE WERK:

Ons twee geneeshere, dr. G.T. van Rooyen en dr. H.J. de Kock, doen 'n groot en omvattende werk met onvermoeide ywer en navolgenswaardige getrouheid. Afgesien van die hospitaaltjie op elke stasie met sy hospitaaljong wat onder toesig van 'n werkster of van die vrou van die plaaslike leraar werk, het ons twee groter naturellehospitale; een op Madzimoyo en een op Nyanje.

(a) Madzimoyo: Terwyl mej. Stofberg, wat aan die hoof van die Melaatse Kolonie staan, in Kaapstad is om haar verder te bekwaam as verpleegster, het dr. de Kock haar plek daar ingeneem op Nsadzu, maar bly ook nog verantwoordelik vir die hospitaal, beide vir blankes en naturelle op Madzimoyo. Hier te Madzimoyo word sy bygestaan deur suster Franzsen wat reeds jare in die veld is en met ywer en moed werk. Op Nsadzu word dr. de Kock bygestaan deur mnr. Jimmy Veitch wat verantwoordelik is vir die administrasiedeel en sy plek in alle opsigte volstaan. Soos reeds aan u meegedeel, het hy sy toegewyde eggenote gedurende die afgelope jaar verloor.

Die werk op die Melaatse Kolonie brei nog steeds uit en ons ontvang ruime ondersteuning van die Regering vir hierdie afdeling. Aan Madzimoyo hospitaal word geen subsidies van Regeringsweë betaal nie, omdat ons dan te naby Fort Jameson is (12 myl).

(b) Nyanje: Op Nyanje word daar 'n groot hospitaal opgerig. Ons het daarin geslaag om van die Departement van Gesondheid in Noord-Rhodesië 'n kapitale toelaag van £8000 vir die bou van die hospitaal te kry, terwyl hulle nou jaarliks 'n toelaag van £2480 aan die hospitaal betaal. Dit stel ons instaat om 'n behoorlike hospitaal te bou vir 'n 135 pasiënte en die werk daar sonder kommer voort te sit. Hier word dr. van Rooyen bygestaan deur suster Smith wat hart en siel in die werk is en wat tans in die Unie 'n welverdiende rus geniet.

6/.....

(c) Tamanda: Op Tamanda is die mediese werk in hande van suster Gutter wat na haar uitdienstreding in die Unie haar lewe gaan wy het aan die Sendingwerk. Ons ideaal is om op elke Sendingstasie 'n verpleegster te hê, maar ons het gedurende die afgelope jaar nie daarin geslaag om meer verpleegsters te werf nie. Aan ons geneeshere en verpleegsters maar ook aan die werksters en die vroue van leraars wat hulle tyd en kragte naas al hulle ander verpligtinge aan die werk wy, is die kerk groot dank verskuldig.

(d) Gesondheid van ons werkers(sters): Gedurende 1954 was 'n paar van ons Sendingpersoneel ernstig krank. Ds. J.C.C. Pauw moes die veld verlaat, mev. Betsie Veitch moes onmiddellik na Pretoria kom per vliegtuig waar sy oorlede is en ds. J.N. Uys moes 'n groot operasie aan sy rug ondergaan te Pretoria. Gelukkig was die operasie 'n groot sukses en hy is terug in sy werk. Mnr. A. Miles se gesondheid laat ook veel te wense oor. Ook mev. (eerw.) C. du Plessis en mnr. S.J. Strydom was ernstig krank, maar is nou gelukkig beter. Origens was die gesondheid van ons Sendingpersoneel taamlik gunstig.

In gevalle van ernstige krankheid, vernaamlik waar die personeel moet uitkom na die Unie, loop die kostes geweldig hoog. Daar is reeds 'n beroep op die gemeentes gedoen om die Sendelinge Siekefonds te versterk. Die reaksie sover was egter nie so gunstig nie.

4. BOUWERK:

Ons boumeester, mnr. S.J. Strydom, was vir vyf maande uit met rustyd en kon natuurlik nie dieselfde program afhandel as verlede jaar nie. Weens ernstige krankheid moes hy ook nog 'n tyd lank die bed hou. Ten spyte daarvan, is daar heelwat bouwerk gedoen. Met die bou van die groot hospitaal op Nyanje is taamlik ver gevorder, ons hoop dat die pastorie op Nsadzu binnekort klaar sal wees en die van Tamanda is voltooi. Hierdie laaste pastorie is egter gebou deur mnr. Smith van die Susterssending in Nyasaland. Ons dank hulle vir hierdie tasbare hulp. In hierdie jaar wag daar vir die boumeester 'n groot program. Gelukkig het ons daarin geslaag om 'n tweede boumeester te vind wat in Februarie reeds na Noord-Rhodesië vertrek.

B. BINNELANDSE SENDING.

(a) Thaba'Nchu.
(b) Witzieshoek.
(c) Goudarea en Sasol.
(d) Oorgawe van Skole.
(e) Die Sendingpers en Ligstraal.
(f) Organiserende Sendingsekretaris en Arbeider onder die Jode.
(g) Stofberggedenkskool.

1. THABA'NCHU:

Die werk hier te Thaba'Nchu word nog steeds behartig deur eerw. en mev. A. Ford Vogel en die werksaamhede in hierdie reservaat brei nog steeds uit en dit het nodig geword dat meer evangeliste daar aangestel sal word. Daar is tans nie minder as 19 buite- of preekposte en op al die buiteposte word die Nagmaal en Doop bedien terwyl eenmaal in die jaar die hele gemeente oor die Paasnaweek in die Ereskuld Kerk bymekaar kom vir 'n konferensie en die viering van die Nagmaal. Op veertien van die buiteposte is daar kerkies gebou wat afbetaal is en hulle is middelpunte

7/.....

vanwaar daar krag en lig versprei word. Op al die buiteposte word ook bidure gehou en word besonder goed bygewoon deur die vroue van die gebedsbond, maar minder goed deur die mans.

(a) Bywoning van die Openbare Erediens: Die bywoning van die openbare eredienste is baie bemoedigend. Die broeder daar rapporteer: "Ek is nie 'n Spurgeon nie, maar leë kerke is iets onbekends by ons, waarvoor ons die Here baie dankbaar is."

(b) Huisbesoek: Naas al hierdie werksaamhede gee die broeder daar nog tyd aan huis- en krankebesoek, wat seker 'n navolgenswaardige voorbeeld is en is ook besig om 'n tweede naturelletaal aan te leer.

(c) Kliniek: Op die plaas Merino het die gemeente 'n kliniek, waar, met medewerking van die Departement van Gesondheid, behoeftige naturelle gratis behandel word. Vir hierdie kliniek dra die stamowerheid jaarliks £50 by. Hierdie mediese werk oefen 'n groot invloed ten goede uit.

(d) Samewerking met plaaslike moedergemeente: Daar is 'n lieflike samewerking tussen die plaaslike moedergemeente en die sendeling en hy geniet die steun van ds. en mev. Olivier en sy Kerkraad en nieteenstaande die moedergemeente finansieel nie sterk is nie, span hulle alle kragte in om die werk te bevorder.

(e) Getalle: Gedurende die afgelope jaar is daar 131 kinders gedoop en 62 voorgestel. Daar bestaan 6 Sondagskole met 500 leerlinge wat onderrig word deur 30 onderwysers(esse).

Die werk in hierdie reservaat was gedurende die afgelope jaar besonder geseënd, waarvoor ons die Here dankbaar is.

2. WITZIESHOEK:

(a) Geestelike Werk: Hierdie deel van die werk staan onder leiding van ds. J.P. Strümpfer, bygestaan deur drie evangeliste waarvan een gedurende die afgelope jaar weggeval het en ons hoop van harte dat sy plek in Januarie weer aangevul sal word, want dit is onmoontlik om daardie reserwe met twee evangeliste te behartig. Na 'n tyd van dorheid en doodsheid as gevolg van die opstand, skyn daar nuwe lewe te kom en die werk het gedurende die afgelope jaar baie mooi gevorder. Baie afgedwaaldes het teruggekom met belydenis van sonde; gedurig kom daar heidene tot inkeer en verlang om in die voorbereidingsklasse opgeneem te word. Gedurende 1953 het die aantal lidmate met 200 vermeerder en ook in 1954 is 'n aansienlike getal toegevoeg tot die gemeente. Die bydrae van die gemeente het aansienlik verbeter gedurende die afgelope jaar en die dienste op die stasie asook op die buiteposte, waarvan daar 8 is, word goed bygewoon. Die kerkies en skole is in die reël vol.

Die bywoning van die Pinksterbidure was besonder bemoedigend en die deelname aan gebed inspirerend. Dit lyk werklik of daar verandering ten goede ingetree het in die geestelike lewe van die gemeente.

(b) Mediese Werk: Tot in 1953 was die akkommodasie aan die hospitaal hopeloos ontoereikend. In November 1953 is egter die vergrootte hospitaal ingewy en is 'n dokterswoning daargestel, terwyl daar ook nuwe kwartiere vir die naturelle verpleegsters aangebring is. In 1954 is 'n aparte gebou vir teringlyers daargestel. Die koste van al hierdie geboue het meer as £30,000 bedra, maar met die hulp van die Regering, die O.V.S.B. en ander liggame, is alles betaal uitgesonderd nog 'n klein bedraggie. Die gemiddelde aantal pasiënte is ongeveer 150 per dag, terwyl daar by die drie klinieke jaarliks 'n 20,000 gevalle behandel word.

8/.....

Die werk het so uitgebrei dat dit onmoontlik is vir een dokter om alles te behartig en die S.A.S.K. wend ernstige pogings aan om 'n tweede dokter, asook ekstra verpleegsters te kry vir die mediese werk daar. In dr. Stern en gade (wat ook 'n medikus is) en in die drie Duitse verpleegsters wat die werk daar behartig, het die kerk nie alleen bekwame werkers(sters) maar persone wat hulle lewe wy aan die mediese Sendingwerk op 'n wyse wat werklik inspirerend is. Ook die geestelike belange van die pasiënte word deur hulle, die plaaslike sendeling en 'n evangelis, behartig. Finansieel staan hierdie inrigting op gesonde grondslag.

(c) Onderwys in Witzieshoek: In die Witzieshoek reservaat is daar tien skole wat beheer word deur die N.G. Kerk in die O.V.S. waarvan een 'n Junior Hoërskool is. Aan die hoof van hierdie skool staan mnr. P.J. Stofberg, vroeër prinsipaal van Model Hoërskool te Bloemfontein. Ons was gelukkig om 'n man van hierdie gehalte te kry om sy kragte, na sy uitdienstreding, aan hierdie werk te wy. Die kerk is baie dank aan hom verskuldig. Vir die Sending in die Hoek in algemeen, en vir die onderwys in besonder, is hy 'n groot krag. Ongelukkig is sy gesondheid, maar meer in besonder die van sy eggenote, glad nie goed nie. Mag die Here Sy hand van genesing oor hulle uitstrek. Soos bekend moet hierdie skole gedurende 1955 oorgaan na die Regering. Gelukkig sal daar by oorgawe aan die hoof van elke skool 'n beproefde man en lid van ons kerk, staan. Ons rapporteer afsonderlik oor die oorgawe van skole.

3. GOUDAREA:

Die goudarea het gedurende die afgelope jaar nie uitgebrei nie, waar die meeste myne die produksie-stadium reeds bereik het. Met die honderdduisend naturelle wat daar reeds is, bly dit egter 'n reuse taak.

(a) Werkers: Daar is tans twee sendelinge n.l. eerww. W. Dippenaar en D.M.C. de Koker. 'n Derde sendeling, eerw. Pieters, het die beroep na Welkom aangeneem en sal in April bevestig word, terwyl daar binnekort 'n vierde sendeling vir Wesselsbron beroep sal word. Hierdie broeders word bygestaan deur 'n aantal naturellewerkers en hulle getuig van seën wat daar op hulle werk rus. Daar is toenemende belangstelling van die kant van die naturelle.

(b) Kerkgeboue: Nuwe kerkgeboue is gedurende 1954 ingewy te Hennenman en Thabong. Dit het baie daartoe bygedra, nie alleen om die werk te vergemaklik nie, maar ook om die prestige van ons kerk te verhoog. Daar sal nog 'n paar saaltjies in 1955 gebou moet word om te voorsien in die behoeftes. Dit spreek vanself dat uitgawes van die kant van die S.A.S.K. baie hoog is in verband met hierdie werk.

SASOLBURG:

Dit is 'n ontwikkelende sentrum met baie probleme wat op oplossing wag. Eerw. N. Basson van Parys behartig ook hierdie groot werk en hy word daar bygestaan deur 'n evangelis wat gedeeltelik onderhou word deur die O.V.S.B. Die vraag dring hom aan ons op of, by die eventuele verskuiwing van Stofberggedenkskool, Sasolburg nie saam met Viljoensdrif tot een groot werkkring moet groepeer nie.

4. (a) OORGAWE VAN SKOLE AAN DIE REGERING:

Die kommissie wat deur u benoem is om namens ons kerk op te tree by onderhandeling met die Regering insake die oorgawe van skole, het 'n paar vergaderinge gehou en met beskikbare gegewens voor ons sake bespreek. Uiteindelik het die kommissie eenparig besluit om 'n brief te rig aan al die moeder- en sendingkerkrade in die O.V.S. waarin die volgende aanbevelings gedoen is:

9/.....

(1) Dat naturelle-onderwys oorgegee sal word aan die Regering;

(2) In geval van plaasskole beveel die kommissie aan dat hulle verhuur en nie verkoop sal word nie;

(3) In geval van plaasskole die beheer aan die plaaslike sendeling gegee sal word.

(b) STRYDOM OPLEIDINGSKOOL:

U kommissie het ook 'n Regeringskommissie ontmoet insake die oorgawe van die Strydom Opleidingskool. By die onderhandelinge het daar 'n baie vriendskaplike gees geheers. Van die kant van u kommissie is die volgende aan die hand gegee:

(1) Dat die eiendomme van die kerk nie verhuur maar verkoop sal word aan die Regering;

(2) Dat hierdie koop sal insluit nie alleen die skoolgeboue nie maar ook die koshuise, die onderwyserswonings en die Hoër- en Oefenskool;

(3) Dat die koop op 'n waardasie basis sal plaasvind;

(4) Dat ook die beheer van die koshuise in die hande van die Staat sal oorgaan.

Ons wag nou verdere verwikkelinge af. Die Opleidingskole moet reeds aan begin van Mei aan die Departement oorgedra word.

(c) WITZIESHOEK:

Ons het ons gewillig verklaar om die skole in Witzieshoek op dieselfde basis aan die Regering te oorhandig, uitgesonderd die Junior Hoërskool wat nie in die reserwe nie, maar op kerkeiendom staan. In hierdie laaste geval was ons gewillig om te verhuur op 'n waardasie basis teen 7% mits die Regering die geboue instand hou.

(d) PROBLEME:

Waar hierdie oorgawe aan die Staat in die begin stadium is, is daar nog allerlei moeilikhede wat op oplossing wag.

(1) Skole op boereplase: Hierdie skole kom nie onder 'n Bantoe owerheid nie, maar bly onder die beheer van die eienaar van die plaas of sy gevolmagtigde wat die sendeling kan wees. Op sulke skole word daar egter geen huur betaal en geen vergoeding gegee vir die gereelde besoek van die sendeling nie. Ons vrees dat in hierdie geval 'n aantal skole gesluit sal word op boereplase.

(2) Dit is nou 'n vasstaande beleid van die Regering dat alle manlike leerkragte op plase vervang sal word deur opgeleide meidjies en dat manlike leerkragte gebruik sal word vir die hoër poste aan Hoër- en Opleidingskole. Met die oog hierop is reeds instruksies ontvang dat alleen meidjies in Opleidingskole vanjaar opgeneem sal word. U kommissie twyfel aan hierdie „meidjie beleid" meer spesiaal op die boereplase om begryplike redes.

U kommissie sal egter in noue voeling bly met die Regering in verband met hierdie en aanverwante sake en sal u gedurig op hoogte hou.

10/.....

(e) PRINSIPAAL: STRYDOM OPLEIDINGSKOOL:

Mnr. A.J. Pienaar wat aan die hoof van hierdie inrigting gestaan het sedert sy stigting, is aangestel as inspekteur van naturelle-onderwys. Mnr. Pienaar het uitstekende dienste bewys aan hierdie inrigting en sy kerk en dit is 'n welverdiende promosie. In sy plek is aangestel mnr. van Aswegen, lid van die staf.

5. (a) DIE N.G. SENDINGPERS EN DIE LIGSTRAAL:

Hierdie pers doen 'n groot en geseënde werk. Dit behoort aan die Vrystaatse- en Transvaalse Sendingkerke en het gedurende die afgelope jaar ¾ miljoen geskrifte, pamflette en boeke van gesonde strekking onder die Bantoe in die Unie versprei, terwyl al die ander Bantoeperse besig is om giftige propaganda te versprei. Die pers self staan op 'n gesonde finansiële grondslag. Die gebou behoort egter aan die Vrystaatse Sendingkerk alleen en die pers betaal huur. Op die gebou rus daar nog 'n skuld van £15,000 wat 'n swaar rentekoers vir die Sendingkerk meebring.

(b) DIE LIGSTRAAL:

Die Ligstraal is een van die blaaie wat deur die Sendingpers gedruk en versprei word. Dit word in Sesotho, Zoeloe, Xosa en Afrikaans uitgegee. Dit is die enigste Bantoe blad in Suid-Afrika wat 'n gesonde Christelike en Afrikaanse strekking het, terwyl al die andere 'n kommunistiese of liberalistiese gees versprei. Deur die bemoeiing o.a. van die S.A.S.K., het die aantal intekenare in die afgelope jaar op hierdie blad vermeerder van 9,000 tot 12,000 intekenare, terwyl die naturelle in ons land miljoene tel. Terwille van die blanke bevolking, terwille van ons kerk in Suid-Afrika en terwille van die Bantoe self, sal ons kerk alle kragte moet inspan om hierdie blad te versprei. 'n Hele aantal van ons kerkrade teken in vir 50 tot 100 eksemplare (en sommige selfs tot 200) ter verspreiding onder die naturelle in hulle gemeentes. Dit is 'n saak wat seker ook die ernstige aandag verdien van die Algemene Sinodale Kommissie.

6. ORGANISERENDE SEKRETARIS EN ARBEIDER ONDER DIE JODE:

In die plek van ds. J.H. Badenhorst wat afgetree het by bereiking van die pensioenouderdom, is ds. W.R. de Kock van Odendaalsrus beroep en het reeds sy werk vanaf 1 November 1954 aanvaar. Mag die seën van die Here op sy groot en verantwoordelike werk rus. Sy verslag word hier aangeheg.

Ds. J.H. Badenhorst het sy werk moet toewyding en ywer verrig en het besonder baie gedoen vir die insameling in belang van die Strydfonds.

7. STOFBERGGEDENKSKOOL:

Die betrokke kommissie is in kennis gestel deur die Minister van Naturellesake dat die opvoedkundige sowel as die teologiese afdeling van daardie inrigting verskuif moet word na een of ander reserwe. Die kommissie het die saak nog nie bespreek nie, maar ons sal die Sinodale Kommissie op hoogte hou van die verwikkelinge.

Hiermee meen ons aan ons taak voldoen te hê en bid u vergadering toe die leiding van die Heilige Gees.

Met hoogagting,
t.t. in Xrs.,

ALG. SENDINGSEKRETARIS.